O.J.O. FERREIRA
*Stamvader Ignatius Ferreira en sy naverwante*
Die outeur: Pretoria
1997
160 pp.
R50,00
ISBN 0-620-21461-9

Professor O.J.O. Ferreira, 'n dosent in Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, is welbekend as outeur van verskeie kultuurhistoriese werke en talle tydskrifartikels. Ferreira het lank reeds 'n belangstelling in die geskiedenis van sy stamvader Ignatius Ferreira en die stamvader se kinders. Boonop is hy gebore (1940) en getoë in die omgewing waar die meeste van die stamvader se seuns geleef het. Die belangstelling in sy familiegeskiedenis het uiteindelik tot die publikasie van *Stamvader Ignatius Ferreira en sy naverwante* gelei.

In die boek het Ferreira klem gelê op die kultuurgeskiedenis van stamvader Ignatius Ferreira, sy kinders en sommige van hulle nageslag, eerder as om genealogiese tabelle van die Ferreiras weer te gee. Dit wil nie sê dat die genealogie buite rekening gelaat is nie. Beperkte genealogiese simbole is wel verstrek. Met betroubare genealogiese inligting sal iemand wat van dié Ferreiras afstam, sy afstammingslyn tot by hulle kan terugvoer, en sodoende meer insae in die persoonlikheid en lewensomstandighede van sy voorouers kan kry.

Ter agtergrond het Ferreira in die eerste hoofstuk 'n kort bespreking van die Ferreiras se geskiedenis in Portugal en die oorsprong en betekenis van die familienaam Ferreira gegee. Die daaropvolgende sewe hoofstukke is respektiewelik aan die stamvader en elk van sy seuns gewy. (Die stamvader se dogters is, weens 'n gebrek aan inligting, kortliks in die tweede hoofstuk saam met die stamvader self bespreek.) Hulle suksesse, mislukkings, omswerwinge en wedervaringe is noukeurig saamgevat. Uit amptelike bronne, reisbeskrywings van vroeë reisigers, wetenskaplikes en sendelinge, en ander bronne, kon Ferreira karaktersketse vir die stamvader en byna al sy kinders saamstel. Hieruit blyk dit dat daar gemoedelike en meer ernstige, gasvrye en minder gasvrye Ferreiras was (soos vandag ook die geval is). Daar was ook dié wat gesiene in die gemeenskap was en die respek van die owerheid geniet het, en dié wat minder geliefd was en met die owerheid gebots het. Ook die mense se siening en behandeling van anderskleuriges is in die navorsing aangeraak. Die resultaat van Ferreira se arbeid is 'n baie interessante blik op die lewe van die Ferreira-stamvader en dié se kinders en die soort mense wat hulle was.

Die waarde van die boek strek verder as net vir die Ferreira-familie. Enige persoon

wat in die agtiende en vroeg negentiende-eeuse kultuurgeskiedenis van die oostelike deel van die Kaapkolonie belangstel, sal waarde daaruit put. Die mense se lewensomstandighede, oorlewingstryd, vindingrykheid, ensovoorts, is deur Ferreira gerekonstrueer.

Buiten die vroeë Ferreiras, is bekende latere Ferreiras ook in die nawoord genoem. Hulle bydraes in die samelewing strek onder meer van opvoeding, wetenskap, sport, musiek, toneel, radio en televisie, handel en nywerheid tot letterkunde.

Alhoewel dit 'n wetenskaplike publikasie is, sal 'n leek dit ook geniet. Taalgebruik is keurig met die gevolg dat die boek maklik lees. *Stamvader Ignatius Ferreira en sy naverwante* is 'n goeie bron van inligting oor die kultuurgeskiedenis van die agtiende en negentiende eeu in Suid-Afrika. Die inhoud van die boek is goed uiteengesit en getuig van deeglike navorsing. Behalwe vir 'n paar klein foutjies (op bladsy 20 kom die datum 1762 in 'n sin voor waar dit nie hoort nie, en spelfoute in die aanhaling op bladsy 104) is daar geen klagtes oor die boek nie. Verder dra die netjiese voorkoms en treffende omslag by tot die goeie indruk wat dit by 'n mens laat.

Die boek is privaat uitgegee en kan van Johan van Rensburg Boekbestellings, Posbus 32778, Glenstantia, 0010, bestel word.

L.A. Changuion
*Universiteit van Pretoria*